

BESLUIT VAN DIE KERKRAAD OOR COVID-19:

Ons gemeente doen alles in ons vermoë om sosiale afstandskopping te bevorder, nie uit vrees nie, maar vanuit ons liefde en verantwoordelikheid vir ons naaste.

As gemeente kyk ons nie net na ons eie selfsugtige belange nie. Ons dink aan ons naaste en ons dra mekaar deur ons gebede, ondersteuning en verantwoordelike optrede, al moet ons persoonlike opofferings maak.

Ons versoek ons gemeentede wat werkgewers is om veral om te sien na hulle werknemers en om seker te maak dat hulle werknemers steeds vergoed word indien hulle by die huis moet bly.

Eredienste

Ons eredienste sal elke Sondag om 09:00 regstreeks uitgesaai word op ons webblad: www.durbanvillegemeente.co.za.

Behalwe vir die predikant en personeel wat diens doen, sal die erediens nie oop wees vir ander lidmate nie.

Kerkkantoor

Die kerkkantoor is toe vir fisiese besoeke, maar kan steeds telefonies en per e-pos gekontak word en is op daardie wyse oop en funksioneel.

Begrafnisse

Op 26 Maart is sekere riglyne in die staatskoerant gepubliseer wat meer inligting bevat. Dit is gepubliseer onder die opskrif:

**FUNERAL REGULATIONS DURING THE INITIAL 21 DAY LOCKDOWN PERIOD.
(Regulations and Gazette Notices issued on the 25th of March 2020. Lockdown effective from 23:59 on Thursday 26 March 2020.)**

[KLIK HIER](#) vir 'n opsomming hiervan aan, in Engels, sodat julle dit met kollegas van ander kerke kan deel.

In Bylaag B word persone geïdentifiseer wat noodsaaklike dienste moet lewer. Predikante se dienste in 'n geval van nood word onder punt 10, 11 en 27 genoem. Die kerkraad as julle werkgewer kan 'n brief op 'n briefhoof aan julle verskaf.

[KLIK HIER](#) vir die inligting wat op so 'n brief moet kom. Wat die situasie ook al mag wees, maak asseblief seker getalle word beperk. Dit spaar lewens.

Troues

Troues uitgestel tot verdere kennisgewing.

Dope

Ons versoek ouers om dope so ver moontlik uit te stel.

By uitsondering sal dope in die erediens gedoen word, maar dan kan net die kerngesin teenwoordig wees.

Bybelstudies, kerkkoor en aksies

Bybelstudies, kerkkooroefeninge en ander aksies word uitgestel tot verdere kennisgewing.

Stildienste, Kapel en Nagmale

Stildienste, kapeldienste en nagmale word uitgestel tot verdere kennisgewing.

Groot Lydensweek

Groot Lydensweek word afgestel. Dit sluit in: die Kruisstap, Stasies van die kruis, Laaste Avondmaal, Donkerdiens en Pasgamaal.

Paasfees

Daar sal op Goeie Vrydag en Paassondag eredienste uitgesaai word.

Geestelike ondersteuning

Die predikante is steeds beskikbaar vir geestelike versorging en ondersteuning, deur huisbesoek of telefonies.

Gemeentelede word aangemoedig om die kerkkantoor of predikante te laat weet as jy 'n behoefte het aan geestelike leiding, emosionele ondersteuning.

Belangrike skakels met toepaslike wette, regulasies en hulpmiddels Covid-19

Kliek op hierdie skakel vir opdateerde inligting oor Covid-19: www.sacoronavirus.co.za. of gaan kyk gerus op die NG Kerk in SA se Covid-19 [webblad](#).

Grendeltyd: [Hoe kan my gemeente betrokke wees?](#)